

## GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE – SONDAG 20 OKTOBER 2013 – AANDDIENS

### Sing vooraf staande: Psalm 100 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER! / Dien God met blydschap, gee Hom eer;  
kom nader voor sy aangesig, / en prys Hom met 'n lofgedig!
- 2 Die HEER is God, erken dat Hy / 'n eie volk vir Hom berei,  
'n volk om Hom te dien en vrees / en skape van sy wei te wees.
- 3 Gaan deur sy poorte in met lof, / met lofsang in sy tempelhof;  
kom in sy huis, o bondsvolk, saam; / verhef sy lof en prys sy Naam.
- 4 Want goedertieren is die HEER; / sy goedheid eindig nimmermeer;  
sy trou en waarheid hou hul krag / tot in die laaste nageslag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm: Psalm 149:1-2 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!
- 2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor / in feesgesang en sangerskoor, / met harp en trommelslae!  
Die HEER 't sy volk weer guns betoon, / sagmoediges met heil gekroon / uit vrye welbehae.

Gebed

### Psalm 2:1 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?  
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrottes raadslaag vir die stryd,  
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.  
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

**Skriflesing:** Deuteronomium 30

**Kernverse:** Deuteronomium 30:11-14

**Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.**  
(Deuteronomium 30:11-14 AFR53)

**Tema:** Die Woord is naby jou

Sou iemand vra waarom die sestiende-eeuse Europese Reformasie gegaan het, wat sal jou antwoord wees? Was dit omtrent die skoonmaak van die lewens van Christene wat deur geld en krag korrup geraak het? Was dit oor die transformasie van die gemeenskap in 'n meer Christelike een? Of was dit 'n stryd tussen die kerk en die staat?

Volgens ons belydenisskrifte, die Drie Formuliere van Eenheid, is dit duidelik dat die mees basiese en fundamentele vlak van die Reformasie die herwinning van die leer van

geregtigheid alleen deur geloof in die Here Jesus Christus was. Dit het met ander woorde gehandel oor die terugkeer na die apostoliese leer dat geregtigheid voor God slegs deur genade as 'n onvoorwaardelike geskenk van God ontvang word.

Hierdie waarheid is iets wat die Rooms-Katolieke Kerk gedurende die Middeleeue amper geheel en al verloor het. En tog is dit die kern en hoofsaak van die boodskap van God se Heilige Woord, vanaf Genesis tot by Openbaring. In ons Skrifgedeelte vanaand uit Deuteronomium 30, en veral in vers 11 tot 14, lees ons dat die Heilige Gees profeteer oor die vervulling van die weg van geregtigheid wat lei tot die ewige lewe. Hierdie weg tot saligheid is deur geloof in God se onvoorwaardelike belofte aan Abraham. In Romeine 10:5-8 haal Paulus hierdie selfde woorde uit Deuteronomium aan deur te verklaar dat die geregtigheid wat God tevrede stel slegs spruit uit die geloof in Jesus Christus – dié Een wat die wet onderhou het en die straf vir ons sondes ondergaan het.

Dit is alleenlik hierdie belydenis van geloof in Jesus Christus wat die beslissende vereiste is vir toegang tot die koninkryk van God en sy sigbare kerk. Ons verheug ons daarin dat ons vanaand ses nuwe lidmate tot die kerk van Christus kan verwelkom. God se Woord van versekering en troos aan almal van ons wat ons geloof bely is dat ons almal ontvangers is van die ewige lewe.

### **Die belofte van toekomstige herstel**

Moses profeteer in Deuteronomium 30:1-10 van die toekomstige herstel van Israel en vergiffenis deur God, selfs verder as die voorspelling van besliste vervloeking en verbanning. Ons sien hier dat God belowe dat Hy sal optree en Israel se leed as gevolg van hul sondige ongehoorsaamheid sal verander. Hy verklaar dat Hy hulle sondige harte sal skoonmaak sodat hulle die ewige lewe mag ontvang. Die eerste tien verse is 'n voorskou vir Israel van die komende dae van 'n nuwe en beter werk van God – dae waarin God se onvoorwaardelike beloftes van redding uiteindelik finaal vervul en vernuwe sal word.

Ek stel dit dat Moses in vers 11 tot 14 voortgaan en vertel van daardie dinge wat in die toekoms sal plaasvind. Moses gaan voort deur Israel te beveel om die oë van geloof verby die vlakte van Moab, verby die vervloeking van die verbond, selfs verby die dood te rig na die vervulling van daardie beloftes van vrye redding wat God op 'n tyd aan die patriarge gemaak het – aan Abraham, Isak en Jakob.

Ons Skrifgedeelte begin in vers 11 waar Moses bevestig:

**Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie.** (Deuteronomium 30:11 AFR53)

Wat Moses in werklikheid hier beveel is dat hierdie enkele gebod wat na die hele wet van Moses verwys **nie te swaar en nie ver is nie.**

### **Is die wet nie te streng nie?**

Dit was waarskynlik 'n oomblik waar die harte van die Israeliete moontlik benoud kon word, hul bene begin bewe het en die opstandige kinders hul ontsnapping na die heuwels kon beplan het! God se kinders kan vergewe word omdat hulle dalk kon dink: Goed, ons verstaan die punt dat die wet "nie ver is nie". Moses het ons nou al 'n tyd lank belaaai met voorwaardes en wette. Hoe kan dit dan nou wees dat die wet "nie te swaar is nie"? Hoe kan dit moontlik wees om die totale wet van God te onderhou? Hoe is dit moontlik om 'n suiwer hart te hê en 'n regverdigte lewe te lei wat God sal bevredig?

Die woorde van Moses was bedoel om die Israeliete te laat wag en eers te dink – en ons behoort dieselfde te doen. Wat probeer Moses hier bereik?

Dit is 'n sprekende voorbeeld van die moontlike gevaar om 'n vers in isolasie uit konteks te neem: Reg, ek het die perfekte skriftelike bewys van die Christen se verhouding tot die wet – Moses sê dat dit nie te moeilik is nie. Einde van die saak.

Wel, so maklik is dit nie. Ons moet nie vergeet wat Moses alreeds in vers 1 tot 10 gesê het oor die hoop op toekomstige herstel, en wat hy nou voortgaan om in vers 12 tot 13 te sê nie:

**Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen?**  
(Deuteronomium 30:12, 13 AFR53)

In hierdie twee verse gee Moses die Israeliete 'n beter begrip van wat **nie te swaar nie** beteken. Hy maak gebruik van helder beeldspraak wat in daardie tyd goed bekend was aan die kinders van God.

Die gesamentlike verbeelding van die Antieke Nabye Ooste was goed deurdrenk met gedagtebeelde van mitiese helde op soek na ewige lewe. Hierdie soort legendes stem ooreen met baie van die fiktiewe intriges van deesdae se boeke en rolprente. Dikwels kom die held van die verhaal te staan voor uitdagings wat oorkom moet word. Sou hy dan slaag, word hy beloon met 'n onsterfbare/goddelike voortbestaan.

Inderwaarheid soek die hele mensdom goddelike onsterfbaarheid en ewigdurende lewe. Daar is geen verskil tussen die huidige en die Antieke Nabye Ooste nie. Om op te vaar na die hemel het beteken om te ontvlug na die voortreflike wêreld van die gode om die geheime van wysheid en ewige lewe te bekom. In Job 28 verklaar Job dat die wysheid wat na die lewe lei nie op aarde tussen sterflike mense gevind kan word nie, maar eerder by God in die hemel. Om die dieptes van die see te oorbrug was 'n algemene beeld in die antieke wêreld wat die bomenslike prestasie beskryf het om deur heilige kragte die magte van die dood and die chaos by die afgrond te oorkom.

Hoekom span Moses ook hierdie welbekende beelde in om God se openbaring van die Ou Verbond aan Israel oor te dra? Is dit so dat God se kinders moontlik die verband tussen die Sinai-verbond en die ewige lewe – die wet en die soeke na onsterflikheid – sou snap? Die punt is dat die vergoeding vir die onderhouding van die Ou Verbond die ewige lewe is. Moses sê egter terselfdertyd dat verlossing en onsterflikheid nie nagejaag moet word soos die heidene met hul legendariese helde wat veronderstel is om in staat te wees om die skeiding tussen hemel en aarde te oorbrug nie. Dit is tog 'n absolute onmoontlikheid! In plaas daarvan sê Moses dat die *gebod* wat ewige lewe aanbied nie te swaar is nie; dit is dus nie onmoontlik nie.

Maar hoe is hierdie gebod nie te swaar vir Israel nie? Inderdaad, Israel het die kennis van die wet soos gevestig deur die Sinai-verbond. Nie-nakoming daarvan is egter 'n heel ander saak!

Die Heilige Gees help ons met hierdie probleem deur die woorde van Moses in vers 14. Hy skryf: **Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.** Let op hoe Moses nou verander van die gebruik van die woord *gebod* in vers 11 na die

gebruik van *woord* in vers 14. God wil hê dat ons en Israel moet weet dat die wet – die verbond, die roepstem na die ewige lewe – nie te swaar is nie danksy hierdie woord.

Die verrassing, in hierdie hoofstuk van die ware verhaal wat in die Skrif gevind word is dat hierdie *woord* niks anders is as die onvoorwaardelike belofte van God aan Abraham en die stamvaders. Dit blyk duidelik uit ander plekke soos vroeër in Deuteronomium 9:5 waar Moses sê:

**Nie ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart kom jy in om hulle land in besit te neem nie, maar weens die goddeloosheid van hierdie nasies verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit, en om die woord te vervul wat die HERE vir jou vaders, Abraham, Isak en Jakob, gesweer het.**  
(Deuteronomium 9:5 AFR53)

Net soos God 'n eed geneem het op sy Woord om aan Israel die land van Kanaän as geskenk te gee wat daarby verby na die hemel gewys het, net so belowe God vir Israel die ewige lewe as 'n geskenk. Dit is in ooreenstemming met wat ons lees in vers 1-10: die profetiese toekomstige hoop vir Israel wat verseker sal word deur 'n nuwe en beter werk van God alleen.

Hierdie insette uit vers 14 is noodsaaklik vir die verstaan van die twee alternatiewe wat Israel het aangaande hul toekoms. In vers 15 sê Moses vir die volk:

**Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk.** (Deuteronomium 30:15 AFR53)

Tot hiertoe in Deuteronomium het Moses die verskille tussen die twee soorte *lewe* volgens die Sinai-verbond uitgewys. Aan die een kant was daar seëninge van tydelike lewe in die aardse land van Kanaän. In die oorblywende gedeelte van ons Skriflesing sien ons dit weer in vers 16 en 20. In teenstelling daarmee is die belofte van die ewige lewe wat die beste wat die aardse Kanaän kan aanbied ver te bowe gaan. Beide soorte lewe is gegrond op God se genadige belofte aan Abraham (sien v. 20). Die seëninge van Kanaän was om Israel te leer van die groter seëninge van die nuwe Jerusalem. Dit is egter belangrik om te verstaan dat hoewel God se belofte van 'n ewige lewe aan Abraham totaal onvoorwaardelik was, die beloftes aangaande 'n lang lewe in Kanaän nie so was nie.

Met ander woorde, hoewel die verbond met Abraham onverbreeklik was, was die verbond wat by Sinai gemaak was tog verbreek kon word. Moses verklaar onomwonde dat indien die Israeliete die voorwaardes van die Ou Verbond verbreek – as hulle nie die wet gehoorsaam nie – God hulle sal vervoek en in ballingskap wegstuur (vers 17, 18).

Weereens bring dit die vraag na vore: Hoe kan Israel lewe en onsterflikheid bekom? As Israel aandagtig na Moses geluister het, sou hulle verstaan het dat hul nie hul bestaan in die Beloofde Land van Kanaän kan verdien ooreenkomstig die Sinai-verbond nie. God voorspel hul mislukking nog voordat hulle die land binnegegaan het!

**Want die HERE jou God is 'n verterende vuur, 'n jaloerse God. As jy kinders en kindskinders sal verwek en julle in die land verouderd sal wees en verderflik handel deurdat julle 'n gesnede beeld maak, 'n gelykenis van enigiets, en doen u wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God om Hom te terg, ...**  
(Deuteronomium 4:24, 25 AFR53)

Dit is presies wat met die volk van Israel gebeur het. Met verloop van tyd het die volk van Israel die wet van God nie meer gehoorsaam nie en het hulle besit van die Beloofde Land verloor.

Hierdie pynlike les wat vir Israel voorgelê het was om hulle te leer dat hulle nie geregtigheid voor God deur middel van die wet of die opdragte van die Sinai-verbond kon verdien nie. Dit is hoekom Israel hulle eerder na God se Woord van belofte moes wend. Israel moes glo dat slegs God sou optree en aan hulle 'n toekoms skenk. Slegs God sou hulle red, selfs ondanks die besliste werklikheid van vervloeking en verbanning. Dit is die woord wat na Israel gekom het: Die woord wat in hul harte gebly het sodat **hulle dit kan doen**. Hierdie Woord bring geloof mee wat op God alleen vertrou vir redding.

Vers 20 van ons Skrifgedeelte som Israel se verpligtinge op soos wat dit deur die Sinai-verbond in Deuteronomium weergegee word. Ten einde hulle deel van die verbond na te kom moes hulle God liefhê, sy bevele gehoorsaam en vashou aan Hom. Dit kon en het hulle nie gedoen nie. Maar dit alles was deel van God se plan. Die wet, soos vermeld in die Ou Verbond, was bedoel om Israel te leer om nie op hul eie geregtigheid te vertrou vir die ewige lewe nie, maar eerder op geregtigheid wat kom deur die geloof in ons Here Jesus Christus. Dit is vandag nog so vir ons aangesien ons staan voor die onmoontlikheid om geregtigheid voor God te verdien deur die onderhouding van die sedewet soos opgesom in die Tien Gebooe.

### **Die geregtigheid van geloof in Christus**

Ek glo dat Paulus die volgende openlik verkondig deur Deuteronomium 30 in verband te bring met Romeine 10:5-8. In vers 5 sê Paulus:

**Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.** (Romeine 10:5 AFR 53)

Maar hierdie geregtigheid is, sedert die sondeval van Adam in die paradys, buite die bereik van elke sondaar. Daarom gaan Paulus voort in vers 6-7 – met verwysing na Deuteronomium 30:12-13 – om van die geregtigheid, gegrond op geloof, te praat. Die geregtigheid gegrond op geloof probeer nie om ons supermense te maak nie. Dit vra nie hoe ek die ewige lewe kan verdien nie. Dit sê ook nie dat ek die skeiding na die hemel wil oorbrug en die see wil oorsteek nie. Dit leef nie na die letter van die wet nie. Die geregtigheid van geloof weet dat geregtigheid gegrond op die wet 'n doodloopstraat is. Wat sê dit dan? Vers 8:

**Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig.** (Romeine 10:8 AFR53)

Geliefdes, geloof vertrou op God om vryelik geregtigheid en die ewige lewe vir ons te skenk – sonder dat ons self daarvoor werk. Ons hoef nie te probeer om op te klim na die hemel soos die antieke mitiese helde in 'n vrugtelose soeke na onsterflikheid nie. Hoekom? Omdat God, in Jesus Christus, vanaf die hemel na die aarde gekom het om volmaakte geregtigheid en onsterflikheid vir ons te verdien. Jesus het die wet ten volle onderhou en Jesus het die Ou Verbond namens ons vervul. Ons hoef nie die see oor te steek en die dood weens ons sonde te oorwin nie. Hoekom? Omdat Jesus op die water geloop het en die dood onder sy voete geplaas het deurdat Hy sy bloed vir ons aan die kruis gestort het en ons van ons sonde gereinig het.

Broeders, susters en kinders, Paulus skryf in Romeine 10:3:

**Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.** (Romeine 10:3 AFR53)

Laat dit nooit die geval met ons wees nie. Mag die Gees van God ons in staat stel om Deuteronomium en die woorde van Moses op die regte manier te verstaan. Laat ons ag slaan op die oproep van Moses om lewe te kies. Laat ons dit egter op die regte plek vind – nie in die wet nie, maar in die evangelie. In Romeine 10:9 skryf Paulus:

**As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;** (Romeine 10:9 AFR53)

As jy vanaand glo, is dit omdat God dit gedoen het. Hy het jou aan jou hart besny. Hy het deur sy Woord en die werking van die Heilige Gees geloof in jou geplaas. Hy het jou geregverdig en aan jou geregtigheid geskenk. Laat ons God loof en sy Naam groot maak vir sy genade en guns aan ons bewys. Laat ons saam juig oor die goeie belydenis van geloof van ons nuwe lidmate. Mag hul getuienis ons bemoedig soos ons hulle bemoedig om te volhard in God se genade tot die einde toe.

**Amen!**

Slotgebed

Geloofsbelydenis van nuwe lidmate

Psalm 134:4 (p. 653)

- 4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!  
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Slotpsalm 42:1, 7 (p. 214)

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot  
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!  
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer  
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?
- 7 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?  
Waarom in Gods lof onlustig / as dié spotstem jou bestry?  
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.  
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Proponent Simon Jooste  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 Oktober 2013

Vertaling deur Fred Scheepers met redigering deur Geert van Jaarsveld